# DERDE ADVENT: DIE VREUGDE VAN KERSFEES

JOH 1:6-34

KYK WAAR DIE VINGER WYS
Ek het 'n hond gehad – Vicky. Dan wys ek vir hom met my vinger na iets wat hy moet gaan soek of vir my gaan haal. Maar hy kyk nie waar ek wys nie – hy hou net my vinger dop! Al sy aandag is op my vinger toegespits.
Mense is ook soms so. Ek kom party keer agter dat ek my so verkyk aan die TV advertensie dat wanneer dit verby is, dan weet ek nie wat hulle nou eintlik adverteer het nie! Ek het maw die hele **punt gemis**. Die "punch line" het by my verbygegaan. Sê-nou-maar die Wyse Manne uit die Ooste het hulle so verwonder oor die blink en bewegende ster dat hulle nooit so ver gekom het om dit te volg nie?! Kan dit nie gebeur dat mense hulle so verkyk en verwonder oor die Kersliggies en Kersboom en Kersgeskenke dat hulle die punt mis nie? Hulle vergeet dit is alles net tekens en dan kyk hulle, soos my hond Vicky, niks verder nie.

LUISTER NA DIE BOODKSKAP
**Johannes die Doper** se boodskap was: *"Asseblief, mense, moenie na MY kyk nie, kyk verder, kyk verby my na Hom wat na my kom. Ek is maar net die vinger, die stem."* Die **Griekse** woord vir stem is *phoné*, waar die woord "phone" vandaan kom.
Gestel ek het 'n nuwe selfoon en ek kry 'n oproep van iemand wat sê my kind vir wie ek baie lank laas gesien het, het op die lughawe geland en ek moet haar kom haal. Maar ek verwonder my so oor die luitoon en die nuwe selfoon en die stem dat as die oproep klaar is, dan weet ek nie wat die persoon gesê het nie! Ek het die eintlike **boodskap gemis**!
'n Mens kan so Kersfees vier ook – of na 'n preek luister. Jou aandag is op die stemdraer, op die prente op die skerm of iets anders, in plaas dat jy luister na die boodskap.

VRA DIE REGTE VRAAG
Die Jode het 'n **afvaardiging** na Johannes daar by die Jordaan gestuur – 'n kommissie van ondersoek. Net jammer hulle het die **verkeerde vraag** gevra. Hulle is meer geïnteresseerd in die boodskapper as in sy boodskap. Hulle vra hom: *"Wie is jy?"* In sy antwoord stel hy dit duidelik en ondubbelsinnig en openlik: *"Ek is nie die Christus nie"* - ook nie Elia of die Profeet nie. Hy wil op geen manier die aandag op homself vestig nie. Hy is nie belangrik nie. Hy stel geensins belang daarin om op die voorblaaie te verskyn nie.
In sy eie oë was hy maar net "*die een wat in die woestyn roep: Maak die pad vir die Here reguit." Ek is dit nie eers werd om die Een na wie ek julle heenwys, se skoene los te maak nie.*

JESUS IS DIE HOOFKARAKTER
Johannes **begin sy geskrif** met hierdie gebeure. Daarmee sê hy ook vir sy lesers wat hulle verder in die evangelie sou kon verwag. Teen **die einde** van die evangelie skryf hy: *"Jesus het nog baie ander wondertekens, wat nie in hierdie boek beskrywe is nie, voor sy dissipels gedoen. Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê."* (20:30,31)

Dit gaan oor Jesus. Hy is die **Hoofkarakter**. Die mense wat ter sprake kom, is almal byspelers. Dit is soos wat dit **vandag nog behoort** te wees. Wanneer ons Kersfees vier en elke dag. HY is, met respek gesê, "*die Lewe van die partytjie*"! Die Here Jesus is die Hoofkarakter.

ONS IS DIE TEKENS

Soos 'n Johannes, is **ons rol** ook om die aandag op HOM te vestig. Dit pas ons om altyd en in alles nederig en erkentlik te wees. Die **kerktoring** wat boontoe wys, is simbolies daarvan dat ons as kerk moet wegwys van onsself af na God toe. **Ons boodskap** is nie watter wonderlike gemeente of mense *ons* is nie, maar watter wonderlike *God* ons dien. HY moet die eer ontvang vir wie ons is en wat ons doen. Ons probeer nie mense *na ons* toe aantrek nie, maar *na Hom* toe.

Daar is baie **Kersfeeskaartjies, Kersliedjies en Kerspartytj**ies wat geensins na Jesus en sy geboorte verwys nie ("Jingle Bells" bv). Bybelse tonele en Christelike Kersmusiek is in sekere winkelsentrums verbode. 'n Mens kan nie anders as **om bekommerd** te wees dat baie die punt van Kersfees mis nie! Die "punch line" gaan by hulle verby.

**Hoe meer** tekens verbied word of verdwyn, hoe belangriker is dit dat ons tekens sal *wees*. Dink hoe dit moet wees as daar 'n groot partytjie vir jou verjaardag gereël word, maar niemand gee aandag aan jou nie! Johannes se woorde in vs 26 is ook vir al sulke Kersfeesvierders bedoel: *"... tussen julle staan daar Iemand vir wie julle nie ken nie."*

Maak seker dat die manier waarop JY Kersfees vier, 'n teken is wat soos Johannes *"duidelik, ondubbelsinnig en openlik"* na Jesus wys. Moenie dat **Kersvader** bv. die hoofkarakter wees nie. Daar is selfs 'n Christengroep wat pleit dat ouers vanjaar vir hulle kinders sal vertel dat Kersvader **dood** is.

DIE PUNT VAN KERSFEES

Wat is die "punt" van Kersfees dan? Dat Jesus gebore is? Ja, maar nie NET dit nie. In vers 29 het ons gelees: *"Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom. Hy sê toe: "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!"* DIS wat hierdie Persoon so UNIEK en sy geboorte so belangrik maak. Hy is die Lam wat God voorsien het om **versoening** te doen vir ons sonde sodat ons kan lewe (3:16). DAAROM kan ons Kersfees met soveel VREUGDE vier. **Solank** ons vieringe op geskenke en feesliggies en ete en drinke en kuier **toegespits** is, op die kindjie in die krip en die herders en wyses, sal ons die ware **Kersvreugde nog mis**. Dan vier ons dit nog soos die **kinders vd wêreld**. *"Maar aan almal wat Hom aangeneem het, die wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word."* (:12) Kersfees **is bedoel** vir die **kinders van God**.

Ek lees dat daar in Brittanje 'n groep skeptici is wat oral kennisgewings wil opsit: *"Daar is waarskynlik nie 'n God nie. Ontspan en begin om die lewe te geniet!"* En dit terwyl die Prediker tereg in Hfst 2:25 vra: *"Wie kan eet, wie kan geniet as Hy dit nie moontlik maak nie?"* **Juis omdat** daar 'n God is, kan ons as sy kinders Kersfees soveel meer geniet. Alles het nou vir ons net soveel MEER betekenis:

Die **Kersboom** wys na die boom vd lewe waartoe Hy weer vir ons kom toegang gee het (Hy het gekom sodat elkeen wat in Hom glo, die *ewige lewe* sal hê.) Die **geskenke** herinner aan God se grootste geskenk aan ons; die **kerse en kersliggies** herinner aan Jesus, die Lig vd wêreld; en die **eetgoed** aan Jesus, die Brood vd lewe en die **drinkgoed** aan Jesus, die Water vd lewe.

WEES BEREID OM TE LY

Ons is vandag die J**ohannesse** wat van die lig moet getuig, die sterre uit die Ooste, die tekens, die vingers. Johannes vertel hoedat Jesus na sy **eiendom toe** gekom het en hoedat sy eie mense Hom nie erken of aangeneem het nie (:10,11). Ons getuienis oor Christus vind ook nie altyd **byval nie**. Maar ons mag die ongelowige wêreld nie daarom in sy **duisternis laat nie**.

**My swaer** het ‘n paar vingers in ‘n ongeluk verloor. Hy het ‘n dowe vriend wat weer van sy vingers met ‘n elektriese saag afgesaag het. Albei het dus ‘n paar stomp vingers. Nou spot hulle en sê: *“As ons met mekaar vingertaal praat, praat ons shorthand”!*

Om te getuig is ‘n **ernstige saak**. Die wortel van die woord vir getuig (martureo) is in Grieks dieselfde as vir die woord martelaar (martus). Johannes die Doper het nie maar ‘n vinger verloor nie – Herodes het sy kop laat afkap! Baie getuies is vandag nog **martelaars**. Laat dit ons nie afskrik nie. As hulle jou “vingers afkap”, praat dan maar *shorthand* verder!

Amen.

14/12/08